❖ **AKTIWITEIT – maak jou eie kussingsloop**

➢ Ons gaan ‘n kussingslopie maak.

- Dit gaan jou vir altyd daaraan herinner dat die Here ook by jou is. Die Here sal jou ook beskerm en vir jou sorg. Die Here het dit vir Jakob belowe en Hy belowe dit ook aan jou.

➢ **Wat het jy nodig?**

- Stuk kombers(polar fleece) lap – kies ‘n stukkie lap wat vir jou baie spesiaal is
- Materiaal skêr
- Kussing wat jy wil oortrek

➢ **Hoe gaan jy te werk?**

- Vou die stuk lap dat dit dubbel is
- Sit die kussing bo-op
- Sny al om die kussing – maar sny die lap heelwat groter
- Sny nou fraaings al om die kante
- Lig die boonste stuk lap op
- Sit die kussing mooi in die middel
- Plaas die boonste lap oor
- En nou begin jy knoop.
  - Jy knoop die onderste fraaiing met die boonste fraaiing.
- En siedaar. ‘n Pragtige, spesiale kussingsloop